

Die Aankondiger

2 Augustus 2020



Prediker:

Ds. Chris Jacobs

Geen beter wêreld anderkant COVID-19, tensy...

deur Stephan Joubert

Party buig. Ander dink dit is uitverkopery. Almal baklei met almal oor wie se lewens maak die meeste saak. O ja, en dan is daar ook nog die immer gewilde “vir of teen die president” gesprekke. Om nie van die Amerikaanse president te praat nie. Die temperatuur styg. Amper niemand hoor mekaar nie. So voel dit as jy na publieke media en sosiale media kyk. Nog erger: presies dieselfde tipe debatte herhaal net so tussen baie Christene. Oor en weer maak godsdienstiges mekaar af as verraaiers, verloëners van die waarheid, rassiste... Dan wonder ek hier in my klein digitale hoekie: Hoekom het ons as navolgers van Jesus nie ’n outentieke gesprek aan die gang wat gekenmerk word deur warmte, verdraagsaamheid en die regte soort eerlikheid nie? Hoekom reageer ons gedurig net op ander gesprekke? Hoekom “vergeestelik” ons net hulle spreuke met ’n paar Bybelverse?

Een van die sterkpunte van die Nuwe-Testamentiese kerk was dat hulle nie maar net klakkeloos agter almal aangepraat het nie. Hulle het nie bestaande gesprekke in die samelewing verder gevoer bloot net met ’n vroom Christelike sousie daaroor nie. Hulle nuwe identiteit was gesetel in Christus en dit het vir hulle ’n nuwe taal en nuwe gedrag geskep. Nee wag, voordat jy my verkeerd hoor: die kruis was nie maar net hulle ontsnappingsroete, hulle “escape clause,” nie. Die eerste Christene het geweet die kruis is hulle doodsvonnis. Hulle het gedeeltes soos Markus 8:34-36 eerstehands geken dat hulle Jesus se kruis dra en dat hulle reeds hulle lewens vir Hom afgelê het. Maar hulle het ook geweet dat hulle ander mense moet dien en liefhê. Jesus se selflose, opofferende liefde het gemaak dat hulle nie meer gedefinieer is deur hulle status, geslag of volksverband nie (Galasiërs 3:28). Hulle het geweet die muur van skeiding tussen mense is afgebreek hier in hulle midde (Efesiërs 2:11-22). Ook is hulle lewens nie omraam deur al die onregte wat ander hulle aangedoen het nie, want hulle het geweet hulle is nou “in Christus.” Hulle is nuwe mense. Daarom was hulle gesprekke en hulle lewe geanker in Christus en in diens aan ander. Geen wonder nie dat ander mense na hulle begin luister het. Hulle nederige lewens en hulle sagter woorde was magneties mooi.

Moet ons nie opnuut tot bekering kom nie? Ek bedoel een wat ons woorde, ons gesprekke en ons dade ingrypend verander!

Lief en Leed

- **Hannatjie de Jager se dogter** het gesterf . Ons bid vir vertroosting en berusting.
- **Anette Voges** is ook siek en was op 'n ventilator in die hospitaal.
- Die inwoners van **Rusoord** wat positief vir Covid is, het ons gebede nodig en ons dink aan **al** die inwoners.
- Ons bid ook vir die personeel van **Rusoord** en spesiaal vir die bestuurder **Ida Du Plessis**.
- **Jan van Zyl** het gesterf. Ons bid vir die familie in hierdie moeilike tyd.
- Bid asb vir **elkeen** wat in hierdie tyd sonder inkomste is .

Huis Gideon

Renè sê baie dankie vir al die bydraes wat sy gekry het op hulle versoek vir boeke.

Sy wil ook aan mense die uitnodiging rig om haar te kontak as daar enige iemand is wat dalk 'n paar boeke wil hê om te lees. Skakel asb vir Renè Odendaal by 012-664 2199 of 079 514 3290.

Die huis is geleë te Monumentlaan 180, Lyttelton.

Versoek aan Lyttelton-Noord Omgee Gemeente

Liewe Broers en Susters, hierdie is weer 'n briefie vanaf die Bestuurskomitee om dankie te sê vir 'n paar dinge wat gedurende hierdie inperkingstyd in ons gemeente gebeur.

Dankie vir die gereelde normale bydraes wat oor die afgelope maande van inperking elektronies inbetaal is.

Ons moet noem dat die normale gemeentelike inkomste verminder het. Ons skryf dit toe aan die feit dat daar nie op die stadium kollekte tydens Eredienste opgeneem word nie. Hierdie kollektes verteenwoordig 'n redelike deel van ons gereelde inkomstes. Ons moes dus reeds tydelik aan ons predikante se inkomstes sny ten einde al ons onafwendbare ander verpligtinge na te kom.

Ons een groot versoek is nou dat indien u na Ds Gideon se elektroniese preke kyk of luister, u dit sal beskou as 'n Sondag bywoning van 'n diens by die kerk en dat u die kollekte wat u gewoonlik in die bordjie gooi ook vir ons elektronies sal oorbetaal.

Ons bid u seën toe en vertrou dat almal met die die "Krag van Bo" hierdie tyd positief sal beleef en met sterkte daaruit sal kom.

Indien u enige finansiële - of ander krisis beleef, neem asb die vrymoedigheid om vir Ds Gideon (079 371 3601) te kontak. Daar is hulp beskikbaar.

Ernie Blignaut

Voorsitter: Kerkraad

BANKBESONDERHEDE VAN OMGEEKERK LYTTELTON-NOORD

NG Gemeente Lyttelton-Noord

FNB Centurion

Takkode: 261550

Rekening: 62784389796

VERJAARSDAE : 2 - 8 Augustus



Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Odendaal	Marietjie	08/03	012 644 0911	
De Klerk	Pieter	08/04	012 664 5442	
Lötter	Kara	08/04		
Wheeler	Susan	08/06	012 644 2131	0722875890
Lindeque	Wihan	08/07		
Smit	Yolandi	08/08		

Die Hemelse Gasheer

Gasvryheid is 'n gawe waaroor nie almal beskik nie, maar wat deur die meeste van ons waardeur word, veral as ons dit weens moeilike omstandighede dringend nodig het.

Wanneer 'n mens na 'n dag se harde werk of ver reis, by jou huis, 'n gastehuis of 'n vriend se huis aankom, en jy beleef dat jy welkom is, verdwyn baie van die tamheid en sien jy weer kans vir die eise wat jy moet hanteer. Die teendeel is ook waar, as jy onwelkom, oorbodig en in die pad voel, is dit moeilik om positief te wees.

Dit kan ook gebeur dat iemand gasvryheid wil bewys, maar om een of ander rede keer die genooides hulle rug daarop.

So het 'n man 'n groot maaltyd gegee en sy slaaf uitgestuur om die wat genooi is, te laat weet "*die maaltyd staan klaar*", maar die genooides wys dit af met allerlei flou verskonings. Toe hulle die uitnodiging weier, laat nooit die man die onwaarskynlikes, die verworpenes, gestremdes, die wat in die paaie en lanings is, "*sodat my huis vol kan word*" (Luk 14:15-24) en "*so het die feessaal vol gaste geword*" (Mat 22:1-10), maar die genooides het dit tragies misgeloop.

Die *Hemelse Gasheer* se optrede het gemaak dat jy en ek nou ook uitgenooi is om deel te hê aan die fees en feesmaal. As ons dit aanvaar, beleef ons "*U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid, my beker loop oor*" (Ps 23:5). Hy nooit voortdurend "*kom na My toe, . . . Ek sal julle rus gee*" (Mat 11:28).

Maar, sodra ons deel van dié fees is, behoort ons

Ons daarop toe te lê om ook gasvry te wees (Rom 12:13); en

Namens dié *Hemelse Gasheer* die uitnodiging uit te dra na die vermoeides en beswaardes wat nog buite is (Mat 11:28).